# God is onpartydig

**Instruksies:** Doen hierdie oefening op ’n stil plek. Stel jou voor dat jy deel is van die gebeurtenis terwyl jy die tekste lees. Visualiseer die toneel. Hoor die stemme. Ervaar die emosies van die karakters. Leef jou in die verslag in.

**Hoofkarakters:** Kornelius, Petrus

**Opsomming:** Petrus volg God se onpartydigheid na deur vir Kornelius, ’n nie-Jood, te getuig.

## ❶ *ONTLEED DIE TONEEL.—LEES HANDELINGE 10:1-35, 44-48.*

Beskryf hoe jy dink Kornelius gelyk het. ____________________

Hoe dink jy het Kornelius gevoel terwyl hy met die engel gepraat het, soos opgeteken in vers 3 tot 6? ____________________

Waaroor dink jy het Kornelius en sy dienaars gesels, as jy na verse 7 en 8 kyk?

## ❷ *DELF DIEPER.*

Waarom was die illustrasie in vers 10 tot 16 wat vir Petrus gegee is, so goed? (Leidraad: Dink aan Petrus se agtergrond as ’n Jood, soos aangedui word in vers 14.) ____________________

Watter eienskap van Kornelius sien jy in vers 25? Waarom sien ’n mens dalk selde hierdie eienskap in iemand met sy posisie? (Leidraad: Sien vers 1.) ____________________

Gebruik die navorsingsmiddele wat jy het om uit te vind hoeveel manne daar in die Italiaanse leërafdeling onder Kornelius se bevel was. ______

Waarom was die bekering van Kornelius so merkwaardig? ______

3 ***PAS TOE WAT JY GELEER HET. SKRYF NEER WAT JY GELEER HET OOR . . .***


Die doeltreffende gebruik van illustrasies. ______

God se onpartydigheid. ______

Hoe jy kan wys dat jy ook onpartydig is. ______

4 ***WAT OMTRENT HIERDIE VERSLAG IS VIR JOU DIE BETEKENISVOLSTE, EN WAAROM?***

______



www.jw.org © 2010 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania